



QUARTERLY BULLETIN
OF
STATISTICS

STATISTIESE
KWARTAALBLAD

No. 68
JUNE/JUNIE
1963

INHOUD

Bladsy

Kwartaallikse ekonomiese oorsig	v
Oorsig van die nasionale rekeninge vir die jaar 1962	xiii

TABELLE

BANKWESE EN FINANSIES:

i. Suid-Afrikaanse Reserwebank	1-2
ii. Handelsbanke (Suid-Afrika en S.W.-Afrika)	3-4
iii. Nasionale Finansiële korporasie	5
iv. Diskontohuise	6
v. Laste van die banksektor	7-8
vi. Bates van die banksektor	9
vii. Aksepbanke	10
viii. Depositonemende instellings	11
ix. Ander trustmaatskappye	12
x. Trustbates	12
xi. Bouverenigings	13
xii. Opspaarbank	14
xiii. Nasionale Spaarsertifikate	14
xiv. Versekeringsmaatskappye	15
xv. Land- en Landboubank	16
xvi. Bankdebette en omloopsnelheid van onmid- delik opeisbare deposito's	17
xvii. Rendement op staatsffekte	17
xviii. Rentekoerse	18-19
xix. Skatkiswissels en belastingdelgingsertifikate uitstaande	20
xx. Effektebeursindekse	21
xxi. Wisselkoerse	22
xxii. Staatsfinansies	23-24
xxiii. Binnelandse effekteskuld van die Sentrale Regering volgens besitter	25

PRYSE:

xxiv. Prysindexe	26
------------------------	----

HANDEL EN VERVOER:

xxv. Kleinhandelsverkope en vervoer	27
xxvi. Buitelandse handel en goudproduksie	28

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING:

xxvii. Minerale produksie	29
xxviii. Werkverskaffings-, produksie- en ander in- dekse	30

NASIONALE REKENINGE:

xxix. Volksinkome	31
xxx. Binnelandse kapitaalvorming	32-34
xxxi. Nasionale rekeninge	35-38

BETALINGSBALANS:

xxxii. } tot xxxiv. }	Betalingsbalans	39-44
-----------------------------	-----------------------	-------

CONTENTS

Page

Quarterly Economic Review	xviii
Review of National Accounts for the year 1962	xxvi

TABLES

BANKING AND FINANCE:

i. S.A. Reserve Bank	1-2
ii. Commercial Banks (South Africa and S.W. Africa)	3-4
iii. National Finance Corporation	5
iv. Discount Houses	6
v. Liabilities of the Banking Sector	7-8
vi. Assets of the Banking Sector	9
vii. Merchant Banks	10
viii. Deposit-Receiving Institutions	11
ix. Other Trust Companies	12
x. Trust Assets	12
xi. Building Societies	13
xii. Post Office Savings Bank	14
xiii. National Savings Certificates	14
xiv. Insurance Companies	15
xv. Land and Agricultural Bank	16
xvi. Bank Debits and Velocity of Demand De- posits	17
xvii. Government Stock Yield	17
xviii. Interest Rates	18-19
xix. Treasury Bills and Tax Redemption Certifi- cates Outstanding	20
xx. Stock Exchange Indices	21
xxi. Foreign Exchange Rates	22
xxii. Government Finance	23-24
xxiii. Ownership Distribution of Internal Stock Debt of the Central Government	25

PRICES:

xxiv. Indices of Prices	26
-------------------------------	----

TRADE AND TRANSPORTATION:

xxv. Retail Sales and Transportation	27
xxvi. Foreign Trade and Gold Production	28

PRODUCTION AND EMPLOYMENT:

xxvii. Mineral Production	29
xxviii. Employment, Production and other Indices	30

NATIONAL ACCOUNTS:

xxix. National Income	31
xxx. Domestic Capital Formation	32-34
xxxi. National Accounts	35-38

BALANCE OF PAYMENTS:

xxxii. } to xxxiv. }	Balance of Payments	39-44
----------------------------	---------------------------	-------

KWARTAALLIKSE EKONOMIESE OORSIG

SAMEVATTING EN GEVOLG-TREKKINGS

(1) Gedurende die eerste vier maande van 1963 het die ekonomiese oplewing in Suid-Afrika nie slegs voortgeduur nie, maar geneig om addisionele dryfkrag te kry. Inkome, produksie en werkgeleentheid het aansienlik toegeneem, terwyl die meeste ander ekonomiese aanwysers besliste verdere opwaartse neigings getoon het.

(2) Die vernaamste uitbreidingsfaktore gedurende die eerste kwartaal was toenames in private verbruiksbesteding, goudproduksie, goedere-uitvoer, en in 'n mindere mate, private vaste belegging. Lopende sowel as kapitaalbesteding deur die openbare sektor het min verandering getoon, terwyl totale voorrade teen 'n stadiger koers toegeneem het.

(3) Hoofsaaklik weens 'n aanmerklike toename in die totale vraag is die opwaartse beweging in die invoer, wat teen die einde van 1962 onderbreek is, weer voortgesit. Aangesien die goudproduksie en die goedere-uitvoer egter ook aansienlik toegeneem het, was die seisoensaangesuiwerde oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die eerste kwartaal van 1963 slegs effens minder as gedurende die vierde kwartaal van 1962. Aangesien hierdie oorskot groter was as die netto uitvloeiing van kapitaal, het die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes wat deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering gehou word, verder toegeneem, hoewel teen 'n stadiger koers as voorheen. Gedurende April en Mei het die lopende oorskot in werklikheid heelwat toegeneem, sodat ten spyte van 'n aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal, die totale reserwes verder gestyg het.

(4) As gevolg van die voortgesette oplewing in ekonomiese aktiwiteit en die afname in die oorskot op die betalingsbalans as 'n geheel, het die likwiditeit van die private sektor gedurende die eerste vier maande van 1963 geneig om meer gelykmatig te verloop, d.w.s. in verhouding tot die bruto volksproduk. Boonop het

die likwiditeit van die handelsbanke meer as seisoensgewyse gedaal, hoofsaaklik weens 'n verdere toename in hul diskonteringe en voorskotte. Die geldmark het effens vernou en korttermynrentekoerse het ietwat gestyg vanaf die abnormale lae peil waartoe hulle gedaal het. Oor die algemeen het die monetêre en banktoestand egter betreklik ruim gebly.

(5) In die kapitaalmark het toestande ook bevorderlik vir ekonomiese uitbreiding gebly. Hoofsaaklik weens aansienlike nuwe uitreikings van effekte deur die private sowel as die openbare sektor en die voortgesette toepassing van die *permit*- en *arbitrages*kemas van valuta-beheerverslapping, is die afwaartse neiging in langtermyn rente- en opbrengskoerse egter gedurende die eerste kwartaal gestuit.

(6) Ondanks die voortbestaan van volop geld en kwasi-geld en die verdere aansienlike toename in die werklike besteding van die volkshuishouding, het sowel die verbruikersprysindeks as die groothandelsprysindeks tussen Januarie en April 1963 betreklik bestendig gebly.


(7) Oor die algemeen wil dit voorkom asof die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gedurende die eerste vier maande van 1963 daarin geslaag het om gelyktydig die begeerde doelstellings van betreklik volledige besetting van die beskikbare produktiewe kragte, vinnige groei, ewewig in die betalingsbalans (gegewe die bestaan van valutabeheer) en prysstabiliteit te verwesenlik.

NASIONALE REKENINGE¹⁾

Bruto volksproduk

Gedurende die eerste kwartaal van 1963 het die reële bruto volksproduk nie slegs verder toegeneem nie, maar teen 'n merkbaar vinniger koers as gedurende enige kwartaal in die voorgaande drie jaar gestyg.

1) Die ontleding in hierdie afdeling van die oorsig is in hoofsaak gebaseer op die Reserwebank se kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge, **ná uitskakeling van die seisoensinvloed**. Aangesien die syfers tans nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die analise beperk tot die beskrywing van algemene neigings.



Bestedingsneigings

'n Belangrike faktor in hierdie gunstige wending was die verloop van die goedere-uitvoer. Alhoewel dit nog betreklik hoog gebly het, het die uitvoer 'n merkbare afwaartse neiging sedert ongeveer Mei 1962 getoon, en 'n voortsetting van hierdie verloop kon moontlik uitbreidingsinvloede wat elders in die volkshuishouding bestaan het, teengewerk het. Vanaf die begin van 1963 is hierdie afwaartse beweging egter skerp omgekeer, hoofsaaklik weens 'n toename in die uitvoer van mielies, diamante, suiker en koper. Terselfdertyd het die goudproduksie 'n aansienlike verdere toename getoon, en dit wil voorkom asof hierdie twee faktore gesamentlik 'n belangrike stimulerende uitwerking op algemene ekonomiese bedrywigheid gehad het.

Nog 'n belangrike uitbreidingsfaktor was 'n aansienlike verdere opwaartse beweging in verbruiksbesteding. Inderdaad word dit geraam dat reële verbruik per hoof van die bevolking, as gevolg van sy bestendige toename gedurende die afgelope drie kwartale, nou weer die peil bereik het waarop dit in 1958 was. Die lopende besteding van die regering en ander openbare owerhede het ook betreklik hoog gebly.

Aan die ander kant, niesteenstaande die toenames in goudproduksie, goedere-uitvoer en

private verbruiksbesteding, kon totale vaste belegging, teen die verwagting in, nie sy opwaartse beweging handhaaf nie. Private vaste belegging het nog 'n klein toename getoon, hoofsaaklik weens 'n verdere styging in die vaste kapitaalbesteding van fabrieksondernemings, maar effense afnames het in die kapitaalbesteding van sowel openbare owerhede as openbare korporasies voorgekom. Desnieteenstaande was totale vaste belegging gedurende die eerste kwartaal van 1963 nog ongeveer 8 persent hoër as dié van die eerste kwartaal van 1962.

Hoofsaaklik weens toenames in handels- en fabrieksvoorrade, het totale voorrade weereens aansienlik gestyg, hoewel met 'n kleiner bedrag as gedurende die voorafgaande kwartaal. Aangesien hierdie voorraadopbouing die aankoop van plaaslik geproduseerde sowel as ingevoerde goedere behels het, het dit ook geneig om ekonomiese bedrywigheid te stimuleer.


Grootliks as gevolg van die toename in totale binnelandse besteding wat deur hierdie onderskeie veranderings teweeggebring is, het die invoer gedurende die eerste kwartaal skerp toegeneem en sodoende die opwaartse beweging, wat tydelik gedurende die vierde kwartaal van 1962 onderbreek is, voortgesit. Die betalingsbalans in lopende rekening het egter weereens 'n groot surplus getoon, soos in meer besonderhede later aangetoon sal word.

Besparing

Bruto binnelandse besparing het effens afgeneem. Voorlopige ramings dui daarop dat 'n toename in openbare „besparing”, d.w.s. in die lopende oorskot van openbare owerhede, oortref is deur afnames in maatskappy- en persoonlike besparing. Laasgenoemde afname was in hoofsaak die teenhanger van die toename in private verbruiksbesteding.

PRODUKSIE EN WERKGELEENTHEID

Produksie in die meeste vertakkings van die sekondêre nywerheid het gedurende die eerste vier maande van 1963 verder toegeneem. Gedurende hierdie tydperk was die gemiddelde indeks van die fisiese omvang van fabrieksproduksie 11.3 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende vier maande van die vorige jaar. Die bedryfsklasse wat vir die grootste persentasie-toenames verantwoordelik was, is vervoeruitrusting, die basiese metaalnywerheid en elektriese masjinerie.




Werkgeleentheid het insgelyks gedurende hierdie tydperk verder gestyg, terwyl die seisoensaangesuiwerde indeks van werklose Blankes, Kleurlinge en Asië, wat reeds aansienlik gedurende die loop van 1962 afgeneem het, aangehou het om skerp afwaarts te beweeg.

PRYSE

Alhoewel die verdere toename in besteding aan die bruto volksproduk gedurende die eerste kwartaal nie slegs die volkshuishouding as geheel nader aan volledige besetting van die beskikbare arbeid en ander hulpbronne gebring het as wat dit vir 'n geruime tyd was nie, maar ook knelpunte ten opsigte van sekere tipes geskoolde arbeid aan die lig gebring het, was daar tot nog toe geen bewys dat *totale* vraag oormatige druk op die beskikbare hulpbronne uitoefen en die pryse opwaarts trek nie. Intendeel, die verbruikersprysindeks het betreklik bestendig gebly, terwyl die groothandelsprysindeks in werklikheid 'n effense afname na die einde van 1962 getoon het, hoofsaaklik weens 'n afname in die pryse van Suid-Afrikaanse (in teenstelling met ingevoerde) goedere.

ANDER EKONOMIESE AANWYSERS

Soos die bygaande grafieke aantoon, het die seisoensaangesuiwerde indekse van bankdebiteringe, spoorweginkomste, bouplanne goedgekeur, transaksies in vaste eiendom en kleinhandelsverkope almal 'n duidelike verdere opwaartse neiging gedurende die eerste vier maande van 1963 getoon, alhoewel aansienlike skommelings weer van maand tot maand voorgekom het.




BETALINGSBALANS

Lopende rekening

Nieteenstaande die voortgesette verbetering in binnelandse ekonomiese toestande, het die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans slegs afgeneem vanaf R52 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1962 tot R25 miljoen gedurende die eerste kwartaal van hierdie jaar, wat maar effens meer as die normale seisoensdaling was. Na uitskakeling van die seisoensinvloed, het dit nog steeds 'n jaarlikse koers van meer as R100 miljoen verteenwoordig wat, alhoewel heelwat laer as die rekordkoers van meer as R500 miljoen wat gedurende die tweede kwartaal van 1962 aangeteken is, nog aansienlik was.

Die voortgesette oorskot was hoofsaaklik toe te skryf aan die verdere styging in die netto goudproduksie en die ommeswaai in die dalende neiging van die goedere-uitvoer waarna vroeër verwys is, en is bereik ten spyte van 'n skerp styging in die invoer. Na 'n skynbaar teenstrydige afname teen die einde van 1962 en die begin van 1963, het die seisoensaangesuiwerde private invoer sy sikliese opwaartse beweging voortgesit, terwyl die Regeringsinvoer op 'n hoë peil gebly het. Gedurende Maart het die seisoensaangesuiwerde private invoer vir die eerste keer die vorige rekord, wat gedurende Januarie 1958 daargestel is, oortref.



Private kapitaalbewegings

Die totale netto uitvloeiing van private kapitaal gedurende die eerste kwartaal word voorlopig geraam op die betreklik hoë syfer van ongeveer R36 miljoen. Van hierdie bedrag verteenwoordig ongeveer R16 miljoen Suid-Afrikaanse inwoners se netto aankope van genoteerde Suid-Afrikaanse effekte van buitelanders,²⁾ hoofsaaklik ingevolge die *permit*- en *arbitrages*kemas van valutabeheerverslapping. Dit is terselfdertyd ook bekend dat aansienlike kontraktuele terugbetalings op buitelandse lenings gemaak is. Verder is dit waarskynlik dat die verruiming in die monetêre en finansiële toestand en die lae rentekoerse wat gedurende hierdie tydperk in die land bly voortbestaan het, sommige ondernemings beweeg het om van buitelandse na plaaslike finansiering oor te skakel.

Bewegings van offisiële en bankkapitaal


Totale offisiële en bankkapitaal het gedurende die kwartaal 'n netto invloeiing van ongeveer R17 miljoen getoon. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n invloeiing van ongeveer R12 miljoen in die vorm van korttermynkapitaal wat uit buitelandse handelstransaksies van die offisiële sektor voortspruit. Hierbenewens het die Regering 'n verdere R3.5 miljoen vir die spesiale geblokkeerde rand-effekte ontvang, om die totale bedrag wat in hierdie effekte gedurende die fiskale jaar geëindig 31 Maart belê is op R13.6 miljoen te staan te bring.

Goud- en buitelandse valuta-reserwes

As gevolg van die verskeie neigings in die betalingsbalans wat hierbo beskryf is, het die land se totale offisiële goud- en buitelandse valuta-reserwes gedurende die eerste kwartaal met slegs R15 miljoen toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde kwartaallike toename van R47

2) Die volgende tabel toon Suid-Afrikaanse inwoners se aankope van en verkope aan buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, soos verstrek deur aandelmakelaars (vóór aansuiwering vir transaksies wat direk en deur genomineerdes aangegaan is):

	Aankope deur Inwoners R milj.	Verkope deur inwoners R milj.	Netto aankope R milj.
1962—			
Eerste kwartaal	7.5	6.2	1.3
Tweede kwartaal	13.6	9.8	3.8
Derde kwartaal	20.2	11.0	9.2
Oktober	8.1	2.2	5.9
November	15.2	4.2	11.0
Desember	7.5	2.6	4.9
1963 —			
Januarie (voorlopig)	8.5	2.9	5.6
Februarie (voorlopig)	9.0	4.3	4.7
Maart (voorlopig)	8.1	3.9	4.2
April (voorlopig)	8.0	2.9	5.1



miljoen gedurende 1962. Die meegaande grafiek toon die mate aan waarin die reserwes geneig het om gedurende die vierde kwartaal van verlede jaar en die eerste kwartaal van hierdie jaar meer gelyk te verloop.

Die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes het in werklikheid met ongeveer R40 miljoen gedurende die eerste kwartaal vanjaar toegeneem, maar hierteenoor moet 'n afname van ongeveer R25 miljoen in die buitelandse valutareserwes van die handelsbanke en die Regering gestel word. Hierdie afname is gedeeltelik toe te skryf aan die netto repatriasie van ongeveer R12 miljoen van die fondse wat die handelsbanke tydelik in die buiteland belê het ooreenkomstig spesiale termynvaluta-ooreenkomste met die Reserwebank (die sogenaamde „swop“-ooreenkomste).

Verwikkelinge gedurende April en Mei

Gedurende April en Mei het die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans nie slegs ruim gebly nie, maar in werklikheid merkbaar toegeneem. Hierdie verhoogde oorskot het 'n aansienlike verdere netto uitvloeiing van kapitaal meer as goedgemaak, sodat die totale goud- en buitelandse valutareserwes gehou deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering verder toegeneem het, naamlik met ongeveer R22 miljoen tot 'n peil van R521 miljoen op 31 Mei.

MONETÊRE EN BANKTOESTAND

Geld en kwasi-geld

Hoewel die seisoensaangesuiwerde totaal van geld en kwasi-geld³⁾ wat deur die private sektor gehou word, voortgegaan het om 'n opwaartse neiging gedurende die eerste vier maande van 1963 te toon, het die verhouding van hierdie totaal tot die bruto volksproduk 'n aansienlik kleiner toename getoon as gedurende enige een van die voorafgaande vyf kwartale. Met ander woorde, die „inkome-omloopsnelheid“ van geld en kwasi-geld het veel stadiger as voorheen gedaal, wat daarop dui dat die likwiditeit van die private sektor uiteindelik geneig het om gelyk te begin verloop.

Verder was die toename in geld en kwasi-geld, net soos gedurende die vierde kwartaal van 1962, nie langer in die eerste plek 'n weerspieëling van 'n groot oorskot op die betalingsbalans as 'n geheel, soos gedurende die tweede helfte van 1961 en die eerste drie kwartale van 1962 nie, maar was dit in 'n aansienlike mate die gevolg van 'n toename in bankkrediet aan die private sektor, wat op sy beurt met die opswaai in algemene ekonomiese bedrywigheid verband gehou het. Hierdie verskuiwing in die „oorsake“ van veranderinge in die hoeveelheid geld en kwasi-geld was betekenisvol omdat dit die posisie van die meeste soorte bankinstellings in die land beïnvloed het.

Handelsbanke

In die geval van handelsbanke byvoorbeeld, het hulle kontant, daggeld en beleggings gedurende die eerste vier maande van 1963 voortgegaan om te daal en hulle diskonteringe en voorskotte aangehou om te styg, sodat die verhouding van hulle likwiede bates tot hul verpligtings teenoor die publiek verder afgeneem het, naamlik tot 44.4 persent aan die einde van April, vergeleke met 'n hoogtepunt van 53.3 persent aan die einde van Oktober 1962. Hoewel hierdie bewegings in 'n groot mate die gevolg van die seisoensverskuiwing van belastingfondse vanaf die private na die openbare sektor was, het hulle ook gedeeltelik gedui op die sikliese veranderinge wat besig was om in die binnelandse ekonomie en die betalingsbalans plaas te vind.

3) Kwasi-geld sluit in rentedraende deposito's wat by die „banksektor“ gehou word, skatkiswissels, korttermynstaatsseffekte en belastingdelgingsertifikate buite die banksektor. „Banksektor“ omvat die Reserwebank, die handelsbanke, die Nasionale Finansiële korporasie, die diskontohuise en 'n deel van die Landbank.



Dit is verder interessant om daarop te let dat, wanneer diskonteringe en voorskotte aan die Landbank uitgesluit en seisoenskommelings uitgeskakel word, die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte nie alleen die opwaartse beweging wat in Mei 1962 begin het, voortgesit het nie, maar in Maart vanjaar die vorige hoogtepunt wat in Mei 1961 bereik is, verbygesteek het. Gedurende April het hulle egter effens afgeneem.


Aksepbanke

Die verhoogde vraag na korttermynkrediet is ook weerspieël in 'n verdere toename in die aksepte van aksepbanke tot 'n peil van R79 miljoen aan die einde van April 1963, vergeleke met 'n laagtepunt van R44 miljoen in Oktober 1962. Terselfdertyd het die deposito's by aksepbanke, wat 'n hoogtepunt van R53 miljoen in Augustus 1962 bereik het, effens verder afwaarts beweeg tot R44 miljoen in April vanjaar.

Bouverenigings

Net soos in die geval van die handelsbanke en aksepbanke het bouverenigings 'n verdere toename in die vraag na hulle lenings ondervind. Die totale fondse tot hulle beskikking het egter gedurende die tydperk onder bespreking nog steeds meer as voldoende geblyk te wees om aan hierdie aanvraag te voldoen. Nie alleen het hulle aandelekapitaal voortgegaan om sterk te styg nie, maar hulle totale deposito's het in Maart en April skerp toegeneem, ná die gewone seisoensafname gedurende die laaste kwartaal van 1962 en die eerste twee maande van 1963.

Nasionale Finansiële korporasie en diskontohuise
Die instellings wat die meeste deur die onder-



liggende toestande beïnvloed is, was die Nasionale Finansiële korporasie en die diskontohuise, wat 'n skerp afname in die daggeld wat by hulle gehou word, ondervind het, naamlik vanaf die rekord hoogtepunt vir die einde van 'n maand van R408 miljoen in Oktober 1962 tot R279 miljoen in Februarie 1963. Hierdie daling was aansienlik meer as die gewone seisoensafname. Daarna het hierdie totaal egter weer effens opwaarts beweeg tot R291 miljoen aan die einde van April, terwyl dit bekend is dat deposito's by die Nasionale Finansiële korporasie met 'n verdere R8 miljoen gedurende Mei toegeneem het.


Reserwebank

Hierdie onderskeie neigings is soos gewoonlik gedeeltelik weerspieël in veranderinge in die Reserwebank se batestruktuur. So het die Reserwebank se totale diskonteringe, voorskotte en beleggings, nadat hulle vanaf 'n laagtepunt van R33 miljoen aan die einde van Oktober 1962 tot R145 miljoen aan die einde van Februarie 1963 gestyg het, weer tot R89 miljoen aan die einde van Mei gedaal, hoofsaaklik as gevolg van krediet wat aan die Nasionale Finansiële korporasie en die diskontohuise verleen is ten einde hulle te help om aan die onttrekking van daggeld, waarna hierbo verwys is, te voldoen. Op daardie datum was die Bank se wetlike reserweverhouding nog steeds so hoog as 84.8 persent.

KREDIETBELEID EN KORTTERMYN-RENTEKOERSE

Sedert die verlaging van die bankkoers vanaf 4 na $3\frac{1}{2}$ persent in November verlede jaar, is geen belangrike veranderings in die offisiële kredietbeleid aangebring nie. Ondanks die neiging van die likwiditeit van die private sektor om gelyk te verloop en dié van die bankstelsel om effens te daal vanaf die hoë peil wat voorheen bereik is, het die algemene monetêre en banktoestand redelik ruim gebly. As gevolg hiervan en omdat die heersende opswaai in totale besteding en ekonomiese bedrywigheid nog nie oormatige druk op òf die algemene pryspeil òf die betalingsbalans uitgeoefen het nie, het die monetêre owerheid dit nie nodig geag om beperkende kredietmaatreëls van enige aard toe te pas nie.

Desnieteenstaande het die tenderkoers op skatkiswissels en aanverwante geldkoerse geleidelik opwaarts beweeg as gevolg van die afname in die likwiditeit van die bankstelsel en die matige vernouing van die geldmark. Die skatkiswisselkoers het byvoorbeeld vanaf 'n laagtepunt van 1.80 persent vroeg in Desember verlede jaar tot 2.16 persent op 21 Junie vanjaar toegeneem. Gevolglik het die gaping tussen hierdie koerse en die bankkoers aanmerklik vernou, hoewel dit nog buite verhouding groot is.



Soos in vorige jare, het die owerhede gedurende die tydperk Maart tot Junie weer 'n gedeelte van die Regering se deposito's vanaf die Reserwebank na die geldmark oorgeplaas ten einde die stremming wat deur die beweging van belastingfondse veroorsaak is, te help verlig. Gedurende die eerste gedeelte van die jaar is daar ook voorkom dat die toestand verder vernou deur die terugplasing van 'n gedeelte van die fondse wat die handelsbanke gedurende die voorafgaande maande, toe die druk van fondse in die geldmark sterk was, toegelaat is om in die buiteland te belê.

KAPITAALMARK

In die kapitaalmark was daar gedurende onlangse maande 'n beter balans tussen vraag en aanbod as vir 'n geruime tyd tevore. Hoewel dit gedeeltelik die gevolg was van die *permit*-en *arbitrages*kemas vir die verslapping van valutabeheer, wat gehelp het om die aanbod van effekte te vergroot, wil dit voorkom asof dit hoofsaaklik toe te skryf is aan die verdere opswaai in ekonomiese bedrywigheid en die groot hoeveelheid nuwe uitgifte deur sowel die openbare as die private sektor wat daarmee gepaard gegaan het.

In hierdie omstandighede was dit vir die Reserwebank slegs nodig om matige verkope en aankope van staatseffekte te doen en het die koerse vir prima-effekte stabiel gebly op die betreklik lae peil waartoe dit teen die vierde kwartaal van verlede jaar gedaal het.

Nadat die indeks van nywerheids- en handelsaandelepryse (1953=100) tot 171 in Februarie gestyg het, wat die hoogste punt in 15 jaar was, het dit in April effens afwaarts beweeg tot 168. Dit was die eerste daling sedert Junie verlede jaar. Die indeks van goudmynaandelepryse het insgelyks tot 'n hoogtepunt van 121 in Februarie gestyg, voordat dit effens gedaal het tot 119 in April.

In die algemeen wil dit dus voorkom dat, hoewel kapitaalmarktoestande redelik ruim en bevorderlik vir ekonomiese uitbreiding gebly het, met die meeste soorte fondse geredelik beskikbaar, die afwaartse neiging in sowel rente- as opbrengskoerse wat geleidelik vanaf ongeveer die tweede helfte van 1961 begin en gedurende 1962 dryfkrag opgebou het, nou tot 'n einde gekom het.

Indekse — Seisoensveranderings uitgesluit
(1953=100)

	1962				1963	
	1ste kw.	2de kw.	3de kw.	4de kw.	1ste kw.	Apr.
Bankdebiteringe	215	219	238	248	259	264
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke	186	183	181	183	192	195
Effektebeursomset	197	299	373	387	397	453
Waarde van goudproduksie	206	212	219	225	229	231
Waarde van invoere	114	115	129	134	139	144
Waarde van uitvoere	156	171	163	151	158	167
Spoorweginkomste	167	170	174	180	185
Waarde van kleinhandelsverkope	116	118	119	124	124	130
Waarde van eiendomstransaksies	84	97	108	107	114	132
Waarde van bouplanne goedgekeur	79	85	96	111	120	120
Werkgeleentheid:						
Private fabriekswese	120	121	123	124	126
Private konstruksie	106	109	110	107	100
Mynwese	125	122	124	126	122	120
Werkloosheid	276	262	230	191	183	181

OORSIG VAN DIE NASIONALE REKENINGE VIR DIE JAAR 1962

deur

B. P. Groenewald

In hierdie oorsig word 'n kort uiteensetting gegee van die onlangse neigings in die nasionale rekeninge van Suid-Afrika.¹⁾ Die syfers waarop die bespreking betrekking het, verskyn in tabel XXXI van hierdie kwartaalblad, terwyl meer besonderhede omtrent bruto binnelandse kapitaalvorming in tabel XXX weergegee word.

Bruto volksproduk

Die bruto volksproduk teen markpryse het toegeneem vanaf R5,571 miljoen in 1961 tot R5,942 miljoen in 1962, d.w.s. met R371 miljoen, vergeleke met 'n styging van R198 miljoen in 1961. Hierdie toename verteenwoordig 'n 6.7 persent styging in 1962 teenoor 'n toename van slegs 3.7 persent in 1961.

Die bedryfstakke wat in hoofsaak vir die aansienlike styging verantwoordelik was, is die private fabriekswese, die handel, die vervoerwese en die goudmynbedryf. Die private fabriekswese se bydrae tot die netto binnelandse produk het met nie minder nie as 10.0 persent gestyg, gevolg deur toenames van 7.8 persent, 6.8 persent en 5.8 persent vir die handel, die vervoerwese en die goudmynbedryf, onderskeidelik. Hierteenoor het die landbou se

bydrae met 3.1 persent en die bydrae van ander myne met 5.0 persent gedaal.

Vir die bepaling van die veranderings in die reële bruto volksproduk, moet die invloed van prysveranderings uitgeskakel word. Dit kan gedoen word deur die volksproduk te defleer met die verbruikersprysindeks, maar aangesien hierdie metode aan ernstige tekortkominge mank gaan, onder andere omdat dit slegs 'n aanduiding van prysveranderings ten opsigte van 'n klein gedeelte van volksbesteding gee, is 'n meer noukeurige metode hier gebruik. Die individuele uitgawe-items is naamlik òf met 'n toepaslike prysindeks gedefleer òf met 'n volume-indeks vanaf die betrokke basisjaar ge-ekstrapoleer. In tabel 1 word die resultate van hierdie berekenings weergegee, en daaruit kan gesien word dat die reële volksproduk in 1962 met 5.6 persent, vergeleke met ongeveer 2.4 persent in 1961, gestyg het. Indien die toename in bevolking van ongeveer 2.4 persent per jaar in aanmerking geneem word, blyk dit dat die reële bruto volksproduk per hoof van die bevolking in 1962 met 3.2 persent toegeneem het, terwyl dit in 1961 konstant gebly het vergeleke met 1960.

Tabel 1. *Besteding aan die bruto binnelandse produk teen 1960-pryse*

	1960 R m	1961 R m	1962 R m
1. Persoonlike verbruiksbesteding	3,624	3,517	3,638
2. Owerheidsbesteding aan goedere en dienste	595	636	711
3. Bruto binnelandse kapitaalvorming	1,128	1,116	1,132
4. Uitvoer van goedere en nie-faktor-dienste	1,532	1,649	1,744
5. <i>Min</i> Invoer van goedere en nie-faktor-dienste	1,312	1,220	1,241
6. Besteding aan bruto binnelandse produk	5,567	5,698	5,984
7. <i>Min</i> Netto faktorbetalings aan die buiteland	194	219	194
8. Ruilvoetaansuiwering	—	25	24
9. Reële bruto volksproduk of -besteding	5,373	5,504	5,814

1) Vir doeleindes van die nasionale rekeninge word Suidwes-Afrika en die Britse Protektorate by Suid-Afrika ingesluit.

Totale voorsiening en aanwending van goedere en dienste

Besonderhede van die veranderinge wat gedurende 1961 en 1962 plaasgevind het in die totale voorsiening van goedere en dienste, d.w.s. die som van die bruto binnelandse produk en invoere, en in die totale aanwending van dié goedere en dienste word in tabel 2 weergegee.

Tabel 2. *Veranderinge in die totale voorsiening en aanwending van goedere en dienste*

	1961 R m	1962 R m
Voorsiening		
Bruto binnelandse produk	+223	+344
Invoere: Goedere en dienste	-107	+ 29
Totale voorsiening	+116	+373
Aanwending		
Persoonlike verbruiksbesteding	- 40	+178
Owerheidsbesteding aan goedere en dienste	+ 57	+ 92
Bruto binnelandse kapitaalsvorming	+ 1	+ 16
Uitvoere: Goedere en dienste	+ 98	+ 87
Totale aanwending	+116	+373

Soos uit tabel 2 gesien kan word, het die totale voorsiening van goedere en dienste in 1962 met R373 miljoen toegeneem, vergeleke met R116 miljoen in 1961. Die faktore wat in hoofsaak verantwoordelik was vir hierdie toename kan afgelei word van die aard van die aanwending van hierdie goedere en dienste. Die groot styging in 1962 was hoofsaaklik toe te skryf aan persoonlike verbruiksbesteding, wat met R178 miljoen of 5.0 persent toegeneem het, maar ook aan die toename van R92 miljoen of 14.1 persent in owerheidsbesteding aan goedere en dienste, en in 'n mindere mate aan 'n verdere toename in die uitvoer van goedere en dienste. Kwartaallikse ramings toon dat die laasgenoemde toename grootliks in die eerste helfte van die jaar plaasgevind het, terwyl die styging in persoonlike verbruiksbesteding weer hoofsaaklik in die tweede helfte gekonsentreer is. In 1961 is die styging byna uitsluitlik deur die uitvoer van goedere en dienste en tot 'n mindere

mate deur owerheidsbesteding aan goedere en dienste veroorsaak. Alhoewel die styging van R178 miljoen in persoonlike verbruiksbesteding in 1962 groot voorkom in absolute terme, verteenwoordig dit relatief tot die absolute grootte van totale persoonlike verbruiksbesteding 'n matige styging indien die daling in die voorafgaande jaar in aanmerking geneem word.

Persoonlike inkome

Totale persoonlike inkome het gedurende 1962 met R292 miljoen toegeneem, vergeleke met R168 miljoen in 1961. Van die toename van R292 miljoen in 1962 het iets meer as die helfte, nl. R166 miljoen, bestaan uit addisionele lone en salarisse, terwyl R120 miljoen die vorm aangeneem het van verhoogde winste van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings en rente- en dividendontvangste van persone. Die oorblywende R6 miljoen het bestaan uit 'n toename van lopende oordragbetalings van owerheidsliggame aan persone in die vorm van pensioene, hoër voordele ontvang van bestaansbeveiligingsfondse, ens. Indien in aanmerking geneem word dat die netto volksinkome met R313 miljoen gedurende 1962 toegeneem het, blyk dit (soos uit tabel 3 gesien kan word) dat byna die hele toename aan persone en nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings toegekom het, terwyl

Tabel 3. *Verdeling van die volksinkome*

	1961 R m	1962 R m	Verandering gedurende 1962 R m
1. Persone: Salarisse en lone	2,799	2,965	+166
Inkomste uit eiendom ²⁾	1,327	1,447	+120
2. Maatskappybesparing	195	213	+ 18
3. Direkte belasting op maatskappye	256	253	- 3
4. Openbare owerhede: Inkomste uit eiendom	122	134	+ 12
5. Netto volksinkome teen faktorkoste	4,699	5,012	+313

²⁾ Inkomste uit eiendom bestaan uit winste van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings en rente- en dividendontvangste van persone.

dié gedeelte van maatskappywinste wat nie in die vorm van dividende uitgekeer is nie nl. maatskappybesparing en direkte belastings op maatskappye, en inkomste uit eiendom van openbare owerhede, in totaal slegs 'n klein toename getoon het.

Nadat direkte belastingbetalings van die persoonlike inkome afgetrek is, het totale beskikbare inkome van alle persone gedurende 1962 met R290 miljoen toegeneem, vergeleke met 'n toename van R170 miljoen in 1961. Van die toename van R290 miljoen in 1962, is R178 miljoen aan addisionele verbruik bestee, terwyl lopende oordragte aan die buiteland gedurende die jaar R18 miljoen minder as gedurende die vorige jaar beloop het. Die netto gevolg hiervan was dat persoonlike besparing in 1962 met R130 miljoen toegeneem het, vergeleke met 'n toename van R213 miljoen in 1961. Die toename in persoonlike besparing gedurende die twee jaar word o.a. weerspieël in die groei van kapitaalmarkinstellings soos assuransiemaatskappye en pensioenfondse en die groot toename in deposito's by handelsbanke, bouverenigings en ander depositonemende instellings.

Owerheidsinkome en -uitgawe

Die belangrikste verskynsel in die gekonsolideerde lopende rekening van owerheidsliggame is die sterk styging in die uitgawe op goedere en dienste. Alhoewel 'n gedeelte van die toename van R92 miljoen in 1962 toegeskryf kan word aan die normale uitbreiding van owerheidswerksaamhede, was die verhoogde verdedigingsuitgawe vir die grootste gedeelte van die styging verantwoordelik. 'n Aansienlike gedeelte van hierdie bykomende uitgawes is aan invoere bestee, maar die besteding aan plaaslik-vervaardigde goedere en dienste het ook aansienlik toegeneem, wat baie tot die uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite in sekere bedryfstakke bygedra het.

Aangesien direkte belastinginvorderings ongeveer konstant gebly het en indirekte belastings en inkomste uit eiendom tesame met slegs R42 miljoen gestyg het, het die lopende surplus van openbare owerhede in 1962 met R62 miljoen afgeneem, nl. vanaf R151 miljoen in 1961 tot R89 miljoen in 1962.

Bruto kapitaalkvorming

Dit word geraam dat bruto kapitaalkvorming R1,145 miljoen in 1962 bedra het, vergeleke

met R1,129 miljoen in 1961. Hierdie toename van R16 miljoen bestaan uit 'n styging van R13 miljoen in vaste kapitaalkvorming en 'n toename van R3 miljoen in belegging in alle tipes voorrade vergeleke met die vorige jaar. Die toename van R16 miljoen is die netto gevolg van 'n styging van R3 miljoen in die kapitaalkuitgawe van openbare owerhede, R9 miljoen in dié van openbare korporasies en R4 miljoen in dié van private sake-ondernemings.

Wat die kapitaalkbesteding van openbare owerhede betref, is dit opmerklik dat die besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens en Lugdiens verder met R20 miljoen in 1962 afgeneem het en op slegs R90 miljoen te staan gekom het vergeleke met 'n rekord-bedrag van R218 miljoen in 1958. Waar sy aandeel in die totale kapitaalkbesteding van openbare owerhede in 1958 nie minder nie as 50 persent bedra het, was dit in 1962 slegs 25 persent, terwyl sy aandeel in totale bruto binnelandse kapitaalkvorming gedaal het van 20 persent in 1958 tot slegs 8 persent in 1962. Nieteenstaande hierdie aansienlike afname het die kapitaalkbesteding deur openbare owerhede as geheel toegeneem met R3 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van toenames in die besteding van provinsiale administrasies, die algemene regering en plaaslike besture.

Die toename van R9 miljoen in die kapitaalkbesteding van openbare korporasies verteenwoordig 'n styging van R13 miljoen in belegging in vaste kapitaalkbates en 'n afname van R4 miljoen in die netto toevoeging tot voorrade. Vaste kapitaalkuitgawe deur openbare korporasies behoort vanaf 1963 aansienlik toe te neem as gevolg van die uitvoering van groot kapitaalprojekte wat o.a. deur Yskor, Sasol, Foskor en Evkom gedurende die afgelope twee jaar aangekondig is.

Besteding aan woongeboue het in 1962 slegs R87 miljoen beloop vergeleke met hoogtepunte van R122 miljoen en R123 miljoen in 1955 en 1960, onderskeidelik. Alhoewel die 1962-syfer die laagste is wat in die afgelope elf jaar aangeteken is, was die neiging van hierdie soort kapitaalkbesteding gedurende die loop van die jaar sterk opwaarts.

Kapitaalkbesteding in die landbou het gedurende 1962 min verandering vergeleke met 1961 getoon. Weens die grootskaalse meganisering in die landboubedryf in die tydperk net na Wêreldoorlog II, sal 'n aansienlike peil van

bruto kapitaalbesteding, veral ten opsigte van masjinerie, gehandhaaf moet word om voorsiening te maak vir die vervanging, weens slytasie, van die bestaande bates.

Nadat kapitaalbesteding op vaste bates in die mynwese geleidelik vanaf R94 miljoen in 1957 tot 'n hoogtepunt van R143 miljoen in 1961 toegeneem het, het dit tot R117 miljoen in 1962 gedaal. Indien in aanmerking geneem word dat al die nuwe goudmyne, behalwe een, reeds die produksiestadium bereik het, en nog geen ontwikkelingskemas ten opsigte van nuwe goudmyne aangekondig is nie, kan 'n dalende neiging in die kapitaalbesteding deur die mynwese in die toekoms verwag word, tensy nuwe goudvelde of ander mineraalneerslae ontdek en ontgin word. Hierdie dalende neiging sal in die eersvolgende paar jaar in 'n mate teengewerk word deur projekte soos die ontginning van die koperneerslae by Phalaborwa.

Vaste kapitaalbesteding deur private fabriekswese het 'n aansienlike toename vanaf R165 miljoen in 1961 tot R182 miljoen in 1962 getoon. In hierdie verband dien daarop gelet te word dat fabriekswese die grootste enkele bydraer tot die binnelandse produk is en ook aan 'n groot deel van die arbeidsmag 'n heenkome verskaf. Verdere uitbreiding kan op hierdie gebied verwag word geoordeel aan die reeds aangekondigde kapitaalprojekte, die verwagte ontwikkelings in die motornywerheid en die regering se beleid van grensgebiedontwikkeling.

Handel, private vervoer, finansies, ens. het ook 'n toename t.o.v. vaste kapitaalkvorming in 1962 vergeleke met 1961 getoon. 'n Belangrike neiging in hierdie groep is egter die aansienlike toename in voorrade, nl. vanaf 'n afname van R7 miljoen in 1961 tot 'n toename van R18 miljoen in 1962.

In geheel gesien, het kapitaalluitgawe in 1962 nie tred gehou met die uitbreiding in die bruto volksproduk nie. Bruto kapitaalkvorming as 'n persentasie van bruto volksproduk het afgeneem vanaf 25.8 persent in 1954 tot slegs 19.3 persent in 1962. Indien verder in aanmerking geneem word dat die voorsiening vir waardevermindering elke jaar toegeneem het, was die afwaartse neiging in die verhouding van netto kapitaalkvorming tot netto volksproduk nog sterker. Netto vaste kapitaalkvorming, daarenteen, was nie slegs laer relatief tot die netto

volksproduk nie, maar was ook in 1962 absoluut kleiner as in 1954, voordat 'n aansuiwering gemaak is vir prysstygings oor die tydperk.

Bruto binnelandse besparing

Bruto binnelandse besparing het R1,452 miljoen in 1962 beloop vergeleke met R1,332 miljoen in 1961, 'n styging dus van R120 miljoen of 9.0 persent. Van die besparing van R1,452 miljoen is R1,145 miljoen aangewend vir die finansiering van bruto binnelandse kapitaalkvorming. Dit laat 'n oorskot van R307 miljoen wat weerspieël word in 'n toevoeging van R188 miljoen tot die land se goud- en buitelandse valuta-reserwes, 'n netto vermindering van Suid-Afrika se buitelandse laste van R130 miljoen en 'n saldo van R11 miljoen wat nie toegewys is nie.

Wat die toename van R120 miljoen in binnelandse besparing gedurende 1962 betref, het persoonlike besparing, soos reeds genoem, met nie minder nie as R130 miljoen toegeneem, terwyl voorsiening vir waardevermindering met R34 miljoen en maatskappybesparing met R18 miljoen toegeneem het. Hierteenoor egter, het die lopende surplus van owerheidsliggame met R62 miljoen gedaal, hoofsaaklik weens die reedsgenoemde sterk styging in uitgawe op goedere en dienste.

Samevatting

Die vernaamste punte wat uit die voorafgaande bespreking na vore kom, is die volgende:

1. Die bruto volksproduk was in 1962 heelwat hoër as in 1961 en het ook teen 'n aansienlike vinniger koers toegeneem. Gedurende die eerste helfte van die jaar was hierdie hoër groeikoers tot 'n groot mate die gevolg van 'n verdere toename in uitvoere terwyl laasgenoemde se rol in die tweede helfte van die jaar tot 'n groot mate deur 'n sterk styging in persoonlike verbruiksbesteding oorgeneem is.

2. Die reële bruto volksproduk per hoof van die bevolking het gedurende 1962 met 3.2 persent toegeneem terwyl daar geen verandering in 1961 vergeleke met 1960 was nie.

3. Persoonlike verbruiksbesteding het 'n aansienlike styging getoon ná die afname wat in die voorafgaande jaar ondervind is. Die groot

toename in owerheidsuitgawe aan goedere en dienste is hoofsaaklik die gevolg van hoër verdedigingsuitgawe.

4. Byna die hele toename in die netto volksinkome het ten goede van persone gekom in die vorm van lone en salarisse, winste van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings en rente en dividendontvangste van persone.

5. 'n Groot gedeelte van die toename in persoonlike inkome, nl. R178 miljoen, is aangewend vir verbruik, terwyl R130 miljoen meer deur persone gespaar is.

6. Bruto kapitaalkvorming het weereens slegs 'n matige styging getoon alhoewel die tendens oor die jaar as geheel opwaarts was, terwyl dit as 'n persentasie van bruto volksproduk 'n daling getoon het. Netto vaste kapitaalkvorming het 'n afname gedurende 1962 getoon.

7. Bruto binnelandse besparing het bruto binnelandse kapitaalkvorming in 1962 met R307 miljoen oorskry, en die verskil word verklaar deur 'n netto vermindering in Suid-Afrika se buitelandse laste en 'n toevoeging tot die land se goud- en buitelandse valutareserwes.

QUARTERLY ECONOMIC REVIEW

SUMMARY AND CONCLUSIONS

(1) During the first four months of 1963 the economic upswing in South Africa not only continued but tended to gain additional momentum. Income, production and employment increased substantially, while most other economic indicators revealed definite further upward tendencies.

(2) The main expansionary factors during the first quarter were increases in private consumption, gold output, merchandise exports and, to a much lesser extent, private fixed investment. Current as well as capital outlays by the public sector showed little change, while total inventories increased at a slower rate.

(3) Largely as a result of the marked further increase in aggregate demand, imports resumed the upward movement which had been interrupted towards the end of 1962. But since the gold output and merchandise exports also increased substantially, the seasonally adjusted surplus on the balance of payments on current account during the first quarter of 1963 was only slightly less than during the fourth quarter of 1962. Since this surplus more than offset a further net outflow of capital, the total gold and foreign exchange reserves held by the Reserve Bank, the commercial banks and the Government continued to rise, although at a slower rate than formerly. During April and May the current surplus actually increased, so that despite a substantial net outflow of capital, the total reserves moved further upwards.

(4) As a result of the continued upswing in economic activity and the decline in the overall balance of payments surplus, the liquidity of the private sector tended to level off during the first four months of 1963, i.e. in relation to the gross national product. In addition, the liquidity of the commercial banks declined more than seasonally, mainly owing to a further increase in their discounts and advances.

Money market conditions tightened somewhat and short-term interest rates moved up slightly from the abnormally low levels to which they had declined. In general, however, the monetary and banking situation remained one of comparative ease.

(5) In the capital market, conditions likewise remained conducive to economic expansion. But mainly owing to substantial new issues of securities by both the private and public sectors and the continued operation of the *permit* and *arbitrage* schemes of exchange control relaxation, the downward tendency in long-term interest rates and yields was arrested during the first quarter.

(6) Despite the continued existence of an abundant supply of money and near-money and the substantial further increase in the actual spending of the economy, both the consumer price index and the wholesale price index remained relatively stable between January and April of 1963.

(7) In general, the South African economy would appear to have succeeded, during the first four months of 1963, in attaining simultaneously the much desired objectives of reasonably full employment of available resources, rapid growth, balance of payments equilibrium (given the existence of exchange control) and price stability.

NATIONAL ACCOUNTS¹⁾

Gross National Product

During the first quarter of 1963 the real gross national product not only increased further but did so at a noticeably higher rate than during any quarter of the preceding three years.

1) The analysis in this section of the review is largely based on the Reserve Bank's quarterly estimates of the national accounts, **after adjustment for seasonal fluctuations**. Since these figures are not yet judged reliable enough for publication, the analysis is confined to pointing out broad tendencies.



Expenditure Tendencies

